

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Skaars het ons die skokgolwe van die Covid-19-pandemie op ons spaargeld die hoof gebied of die wêreld staan voor 'n oorlogskrisis met die Russiese inval in die Oekraïne. En die beleggingsmarkte reageer negatief.

Wat kan jy doen?

As jy nie lus het vir verder lees nie hier is my kort boodskap: Doen liever niks.

Dis seker maar 'n mens-ding om onwillkeurig te reageer as jy sien die beleggingsmarkte begin negatief reageer.

Mense hol weg van slegte nuus as dit hul spaargeld raak. Dis die koelkoppe wat op lang termyn geld maak, nie die paniekeriges wat kort-kort hul geld skuif en die markte probeer speel nie.

Kom ons kyk kortliks net eers na die agtergrond in soverre dit my en jou beleggings raak.

Die groot impak op kort termyn het te doen met energievoorsiening, gegewe dat Rusland een van die groot verskaffers van olie ter wêreld is. Dit het oliepryse die hoogte laat inskiet. Met die skryf hiervan het die olieprys egter reeds weer begin daal.

Dit eers daar gelaat. Wat aandeleblootstelling betref, het plaaslike batebestuurders (in elk geval diene met wie ek sake doen) hul buitelandse fondse se blootstelling aan Russiese bates sedert laat verlede jaar al begin inkort toe dit begin lyk het dat daar probleme kan kom.

Die grootste uitwerking van die menslike tragedie wat hom in die Oekraïne afspeel op ons beleggings sal gevoel word deur diene met groot blootstelling aan buitelandse fondse.

Ek voel regtig jammer vir diene wat hulle in die onlangse verlede laat mislei het deur die raasbekke wat so geskreeu het om "al jou geld in die buiteland" te belê.

Soos ek al herhaaldelik hier geskryf het, buitelandse blootstelling is nodig, maar asseblief, moenie jou geldsake laat stuur deur emosie en politieke geraas nie. Balans en 'n sinvolle benadering tot langtermynopbrengs en beperking van risiko is van belang, nie hoe jy of ander



Oorlog in die Oekraïne: Só raak dit jou beleggings

Doen eerder niks as om paniekerig te raak

voel oor die landspolitiese nie.

Word plaaslike fondse geraak?

Plaaslike fondse wat in aandele op die JSE belê, het relatief min blootstelling gehad in Rusland. Dit was min om te begin. In baie gevalle minder as 1% van 'n fonds se totale batesamestelling. Dit is sedertdien verder ingekort.

Onder die plaaslike fondse is dit hoofsaaklik die wêreldwye fondse wat groter blootstelling aan Rusland het wat ooglopend negatief geraak word, hoewel die fondse wat ek ken maar so 3% en 4%

blootstelling in Rusland gehad het. Selfs dit het nie so 'n kwaai invloed op jou geld as jy op lang termyn kyk nie. In ag geneem natuurlik dat jy 'n behoorlik gediversifiseerde portefeulje het en nie (gevaande en onrealistiese) groot opbrengste gejaag het nie.

Plaaslik trek ons byvoorbeeld ook voordeel uit die hoër prys van goud en platinum. En ons het nie 'n vreeslike verkoop van plaaslike aandele ervaar nie.

Selfs die rand lyk of hy hom min steur aan wat daar ver gebeur.

Wat sê dit vir ons?

As jy by die regte batebestuurder belê is en jou finansiële beplanner, raadgever of makelaar het sy of haar werk reg gedoen en jy is in goeie fondse belê, met 'n spesifieke langtermyn doelwit, gaan jy nie die volle uitwerking van hierdie skokke so erg voel nie.

Ja, natuurlik het dit 'n gevolg. En natuurlik het dit 'n korttermyn-uitwerking op jou spaargeld. Van my eie beleggings toon nou 'n opbrengs oor die afgelope jaar van 'n skamele 3%. Tot laat verlede jaar was dit meer as 20% oor die jaar.

Moet jy begin geld skuif?

Skuif ek nou geld? Nee. En jy behoort ook nie.

Om nou jou geld te skuif ná die mark se val is nie slim nie. Al wat jy regkry is om 'n papierverlies te laat realiseer. En dan ontstaan die vraag, wanneer skuif jy jou geld terug in die mark? Nadat dit reeds herstel het?

Dis mos kop-oor-dinges. Jy verkoop nie laag en koop hoog nie.

Hier is 'n voorbeeld: Oor 'n jaar tot Desember 2020 het Suid-Afrikaanse eiendomsaandele negatiewe groei van -32,7% getoon. Maar net 'n jaar later, tot Desember 2021, kon jy in daardie bateklas groei van 37,9% toon. En ek glo dit kan verder hol, veral nou dat ons rustig begin raak oor Covid.

Suid-Afrikaanse aandele in die algemeen wys iets soortgelyk. Vir die jaar tot einde Desember 2020 het dit 'n skamele 1,9% groei getoon. Maar teen einde Desember verlede jaar sou jy kon spog met groei van 26,7% in die aandeelkomponent van jou belegging.

Die geskiedenis leer vir ons twee lesse.

Die eerste les is dat sulke krisisse in soverre dit die beleggingsmarkte raak gewoonlik nie lank hou nie. Die slim geldmense en entrepreneurs oor die wêreld heen se aptyt vir geldmaak is net te groot. Raak deel daarvan.

Die tweede les is die begin van die opwaartse kurwe is gewoonlik die steilste.

Dis waar jou groot groei lê. As jy dit misloop, mis jy baie. Dis beter om daar te wees vóórdat die groeifase begin.

My boodskap: Doen liever niks as om nou 'n verkeerde besluit te neem.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Fintac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@fintac.com; Twitter: [@Nicovangijsen](https://twitter.com/Nicovangijsen).**